

## Psalm 56:1-14

### God se genade is groter as ons vrese

#### Inleiding:

- Hoe sou jy voel as jou grootste vrese vanoggend 'n realiteit is?
  - Ek praat nie van die donker of spinnekoppe of eksamen nie.
    - Jou grootste vrese.
      - Daardie gesondheidsprobleem is nie so onskuldig as wat jy gedink het nie.
      - Jou huwelik beland op die rotse.
      - Jy verloor jou huweliksmaat of dalk jou kind.
    - Dit waarvoor jy nog jou hele lewe lank bang is, staar jou nou vierkantig in die gesig.
  - Oorweldig?
  - Angstig?
  - Raadop?
  - Hopeloos?
  - In Psalm 56 bid Dawid vreesbevange.
    - Die eerste vers verduidelik vir ons die agtergrond waarbinne Dawid is.
      - Dawid is 'n gevangene.
      - Die koning Dawid is nou gevange en word soos 'n misdadiger hanteer.
        - Hulpeloos roep hy uit na God toe.
  - Deur die verloop van die psalm sien ons baie duidelik hoe Dawid God se genade eerstehands beleef.
    - So word ek en jy dan vanoggend verseker dat God se genade groter as ons vrese is.
      - Vrees is 'n realiteit waarmee ek en jy moet saamleef.
      - Maar God antwoord op ons vrese wanneer ons deur die geloof ons vertrou volkome op God stel.

## Die realiteit van vrees

- Vers 1 skep vir ons die hele agtergrond van psalm 56.
  - Daar word duidelik gemaak vir wie die psalm geskryf is.
  - Die melodie word genoem en daar word genoem dat die psalm geskryf is as 'n gedig wat gesing moet word.
    - Maar die beskrywing word ook gegee wat aanleiding gee dat die psalm geskryf word.
- Dawid is in Gat gevange geneem deur die Filistyne.
- Dawid skryf 'n kort bundel psalms psalm 52 tot en met psalm 56.
  - Al vyf hierdie psalms beskryf die optrede wanneer die volk of Dawid in gevaar is en die vrees wat daarmee saamgaan, beleef.
    - Psalm 52 en 53 gaan oor die vyande wat die volk bedreig en psalm 54 tot 56 Dawid se persoonlike bedryging wat hy ervaar.
- In die tyd wanneer Dawid hierdie psalm skryf, is hy soos 'n skaap wat tussen twee wolwe vasgevang is.
  - Aan die een kant is die magtige Filistyne wat Dawid en die volk bedreig.
    - Aan die ander kant is Saul en sy manskappe op Dawid se spoor.
      - Dis asof Dawid geen plek het om heen te vlug nie.
- Maar Dawid se gebed waarmee hy in vers 2 begin, vra nie vir verlossing of uitkoms of dat sy vyande skielik van die aarde afgevee word nie.
  - Nee, Dawid pleit vir genade by God.
    - Dawid beskryf hoe die vyand al hoe nader kom.
      - Hulle word eers as mense beskryf wat hom jaag.
        - Hierdie jaag word ook gebruik vir 'n roofdier wat op die spoor van sy prooi is.
          - Dawid beskryf letterlik hoe hy soos 'n dier moet vlug van die roofdiere.
      - Dan word die mense beskryf as vyande.
        - Dawid besef nou dat die mense wat hom jaag teen hom is.
          - Hulle is die hele dag op Dawid se spoor.
          - Hy kry hulle nie afgeskud nie.
        - Dan word die vyande beskryf as teëstaanders.
          - Mense wat reg oorkant jou staan, gereed vir die stryd.

- Dawid maak dit ook baie duidelik dat hy baie vyande het.
        - Daar is baie mense wat hulle mes in het vir Dawid.
- Dan is dit skielik asof die tempo van hierdie gedig stadiger word.
  - Dawid bid tot God en bely dat hy met sy vrese na God toe kan gaan.
    - Hy vertrou op God.
  - Dawid beskryf dat dit gebeur op di edag wat hy bang word.
- Ons kan hierdie verse opsom.
  - Ek is bang.
  - Ek vertrou op God.
  - Ek is nie bang nie.
    - So eenvoudig is die vertroue wat ons op God het, dat selfs wanneer die vyand ons bedreig ons tot God kan vlug.
      - Dan verander ons vrese nie skielik nie, maar ons perspektief rondom ons vrese verander.
  - Wat kan blote mense aan my doen?
    - Die almagtige God is groter as eenvoudige mense.
- Dan tel die tempo weer op wanneer Dawid weereens sy vyande en hulle aksies beskryf.
  - Hulle vergal Dawid se lewe.
  - Hulle smee bose planne.
  - Hulle hou hom dop.
  - Hulle is kort op sy hakke.
  - Hulle wag op sy dood.
- Maar Dawid se antwoord op hierdie bedreiging is nie angs en vrees en paniek en chaos nie.
  - Nee, hy laat dit oor in God se hande.
    - God sal oordeel.
    - God sal straf.
    - God sal reg laat geskied.
- Ons kan nie verwag dat ons vrese maar net verdwyn nie.
  - Maar ons kan vlug na God toe.
    - Hy is die antwoord op al ons vrese.

## God antwoord op ons vrese

- Dan is dit asof ons kan asemhaal.
  - God is nie blind vir ons ellende nie.
  - Hy draai nie sy rug op ons wanneer die vrees die oorhand kry nie.
- Dawid beskryf dat God op sy trane let.
  - Die 1953 vertaling beskryf dit as God hou my tranie in 'n kruik.
    - Ons trane is vir God kosbaar.
    - Hy bewaar nie ons fisiese trane nie, maar sien ons emosies raak.
      - Hy is nie blind vir ons vrees en angste en hartseer nie.
- Dit is alles in sy boek opgeteken.
  - Dawid bely dat die dag wanneer hy om hulp roep, dat sy vyande terugval.
- Die opvallende hiervan is dat Dawid dit nie weet vir 'n feit nie.
  - Dawid se gebed is nie 'n knoppie wat gedruk word en skielik verdwyn al ons vrese en sorgte en vyande nie.
    - Maar dit is die sekerheid wat ons van die Gees ontvang danksy die geloof wat vir ons vertrouwe gee.
- Selfs al dreig die vyand steeds hoor ons die wonderlike bevestiging van God se versorging en sekerheid en sy liefde.
  - *God is aan my kant.*
  - Die wonderlike van hierdie militêre beeld, is dat God aan my kant baklei.
    - Hy sorg, hy bewaar, hy beskerm.
    - Dan herhaal Dawid die wonderlike belydenis.
      - *In God stel ek my vertrouwe, ek is nie bang nie. Wat kan 'n mens aan my doen?*

## Vertrou op die Here

- Die slagvat in Psalm 56 is dat ons Dawid sien as die voorbeeld om na te volg.
  - Hy het vertrou en God het hom gered.
  - God het hom van die dood bevry.
  - God is aan sy kant.

- Dawid was maar bloot 'n sondige mens net soos ek en jy.
- Maar psalm 56 wys vir ons op 'n uitkoms wat God sal gee.
  - Christus het uitgeroep tot die dood hom dreig.
    - Hy het beangs uitgeroep toe sy Vader hom verlaat.
    - Hy het bloed gesweet en deur die dood gegaan.
  - En Hy het die prys betaal vir al ons sondes sodat ek en jy dit nie self hoef te doen nie.
- Sy liefde is groot dat dit ons vrees uitdryf.
  - Daarom skryf Johannes ook in sy eerste brief.
    - *Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie.*
- Toe Christus uitroep het die vyand terug geval.
  - Hy het deur die dal van doodskadu gegaan om die vyand te verslaan.
  - Die straf is gedra en ons hoef die straf nie te vrees nie.
  - Die dood is oorwin.
    - Die vyand kan ons nie meer dreig nie.
    - Die vyand is nie meer vir ons 'n bedreiging nie.
      - God is nie net aan ons kant nie, maar deur sy Gees is hy ook in ons.
  - Ons het die wonderlike gawe van die geloof gekry sodat ons daaglik verseker kan wees dat God groter as ons vrese is en daarom kan ek al my angs en bekommernisse na God toe vat.
    - Hy ken dit.
    - Hy sien ons trane.
      - En Hy gee uitkoms.
  - Daarom kan ek en jy vreesloos deelhê aan die oorwinningsmaal wat vanoggend vir ons voorberei is.
    - Die prys is betaal.
    - Die oorwinning is behaal.
    - Geen vrees is groter as God se genade nie.
  - En selfs wanneer die vrese so groot voel dat ek nie kan opstaan nie, troos die Heilige Gees ons met dieselfde woorde van psalm 56.
    - *want U het my van die dood gered, my voet nie laat struikel nie, en met God by my kon ek my pad aanhou loop en die lewenslig bly sien.*

